WERK EN WEN
1905

TraVara

OKTOBER 2017 · JAARGANG 45

WENNERS VAN DIGITALE SKOOLKOERANT 2017

OnsKan24 en Media24 se Nasionale Skoolkoerantkompetisie

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Genl. Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e-pos: mail@sentraal.co.za, Tel.: (051) 4101800



3



5



8



10

NUUS: Leerderraad sit ottergat ore aan. **KULTUUR:** Karakters klim uit storieboeke. **SOSIAAL:** Matriekafskeid vat vlam! **SPORT:** Chanté laat die speke sing.

"Droomskip" betower gehoor

Geselskap verwerf talle sertifikate tydens die ATKV-Tienertoneelkompetisie



Tralie-akteurs in aksie op die verhoog tydens hul vertolking van "Droomskip". **Foto: Verskaf**

LIDA ROODT

"*Droomskip* - 'n droom om na te kyk." So beskryf Cintaine Schutte, 'n beoordelaar by vanjaar se ATKV-Tienertoneelkompetisie, *Droomskip* die produksie van die Hoërskool Sentraal.

Dié produksie het vanjaar die 3e-plek in die streekskompetisie (7 tot 12 Augustus) wat in die Wynand Mouton teater opgevoer is, verwerf.

Droomskip is onderleiding van me. Marelize Visagie, die regisseur, op die planke gebring. "*Droomskip* is 'n radiodrama waarvan ek 'n verhoogproduksie wou maak," sê Visagie.

"Die storie het 'n mooi boodskap wat gaan oor mense; mense wat swaarkry, mense wat liefhet en mense wat leef," sê me. Visagie.

Tydens die kompetisie se finaal het dié groep die beoordelaars, André Stolz en Tara Notcutt, beïndruk met hulle unieke teks en puik toneelspel.

Die groep het die volgende sertifikate ontvang: bronssertifikaat vir grimering, silwersertifikate vir regie, klankbaan, kostuums en produksie. Goue sertifikate vir rekwisiete, algemene hantering van tegniese aspekte, spesiale effekte, beligtingsontwerp, stelontwerp en ensamble.

Stephen Pretorius ontvang 'n bronssertifikaat vir sy rol as *Kat* asook Victor le Roux vir sy vertolking as *Koen.* Silwersertifikate gaan aan Mari Landman as *Annie,* Tjaart van der Walt as *Elias,* Corne Greyling as *Daantjie* en Soois Strydom vir sy rol as *Abram.*

Danielle Ceronio ontvang goud vir haar rol as *Sophie*.

Oud-Tralie kom lê besoek af by haar alma mater

Internasionale besigheidsvrou, Erna Basson, kuier weer by die Hoërskool Sentraal

KYLA LESSING

Erna Basson is aangewys as Suid-Afrika se suksesvolste entrepreneur vir 2017. Sy is die eerste Suid-Afrikaanse vrou om op die voorblad van die Britse tydskrif *Global Woman* te verskyn en sy is tans besig om haar eie boek te skryf.

Hierdie oud-Tralie besit op 30 haar eie besigheid met takke in Suid-Afrika, Hong Kong en Nieu-Seeland. JT Foxx, 'n wêreldbekende *wealth coach*, is een van haar besigheidsvennote.

In watter jaar het u gematrikuleer?
Ek het in 2005 my skoolloopbaan voltooi.

Hoe het dit gevoel om aangewys te word as Suid-Afrika se no.1 entrepreneur vir 2017?

Ek het dit glad nie verwag nie, maar ek beskou dit as 'n groot eer.

Het me. enige raad aan hoërskoolleerders oor hoe om voor mense te praat?
As jy op jou senuwees is, moenie die fokus op jouself plaas nie, maar fokus liewer op die gehoor.

Hoe balanseer u u besige beroepslewe met u gesinslewe in Port Elizabeth?



Oud-Tralie, Erna Basson, gesels met die Tralie Varia ten spyte van 'n besige skedule. **Foto: Nicci Cilliers**

Wanneer ek tyd met my gesin deurbring, maak ek seker om al my werk eenkant te sit en my foon af te skakel. Kwaliteittyd is vir my baie belangrik.

Wat maak Bloemfontein spesiaal?
Die mense. Ek is gereeld oorsee en nêrens anders sal jy sulke gasvrye mense kry soos wat daar in Bloemfontein is nie.

Wat was me. se gunsteling sportsoort op skool en waarom?
Definitief netbal. Ek het op hoërskool my Vrystaatkleure in netbal verwerf en van my aangenaamste herinneringe was toe ek vir Sentraal se eerstespan gespeel het.

Wou u van jongs af 'n besigheid bedryf het?
Op universiteit het ek my notas wat ek in klasse afgeneem het, teen 'n wins aan ander studente verkoop en sodoende is my belangstelling in die besigheidswêreld geprikkel.

Wat is me. se gunsteling sjokolade?
Ek is mal oor enige sjokolade en eet definitief te veel daarvan.

Hoe bly me. gemotiveerd wanneer dit by oefen kom?
Ek sê altyd: 'your health is you wealth'. Wanneer ek gesond is, kan ek teen die tempo werk wat van my vereis word. Dit is belangrik om te weet wat jou doelwit is en dan hard te werk om dit te bereik.

Het me. al een van u rolmodelle ontmoet. Hoe het dit gevoel?
Een van my grootste rolmodelle is Nelson Mandela. Dit was vir my 'n wonderlike ervaring toe ek sy kleinseun, wat 'n motiveringspreker is, by 'n konferensie ontmoet het.

Het me enige raad aan die Tralies hoe om suksesvol te wees?
Moet nooit met "nee" vir 'n antwoord tevrede wees nie. Streef jou doelwit na.

Robberts gesin is in die wolke

MICHÉ NEL

Stéfan Robberts, 'n graad 7-leerder aan die Laerskool Willem Postma, asook sy jonger broer, Morné Robberts, is met 'n degeneratiewe spierstoestand gebore.

Hierdie toestand tas 'n mens se mobiliteit aan en maak dit veral moeilik om trappe te klim.

Stéfan is al vir die afgelope 5 jaar 'n lid van die Hoërskool Sentraal se musiekakademie (SMA) en daarom is dit sy droom om sy hoërskoolloopbaan hier te voltooi. Hierdie droom het egter hoogs onwaarskynlik gelyk omdat die skool se gebou drie verdiepings het.

Mariska Robberts (Stéfan se ma) getuig: "Ons het 'n langtermyn visie vir ons seuns en gaan nie toelaat dat hierdie omstandighede ons stuit nie. Ons vat elke dag soos hy kom en ons leef voluit."

Die skool het ingestem dat 'n tweemanhysbak by die drieverdieping klaskamergebou geïnstalleer kan word. Sodoende sal hy toegang tot die meeste van die klaskamers hê. Hierdie projek beloop R400 000.

Verskeie fondsinsamelings is geloods. Die Hoërskool Sentraal se musiekakademie het in samewerking met Toekoms Fokus en Dinamiese Netwerk Bemarking onder andere 'n funksie by *Open Mind* in *Pretty Gardens* aangebied. Die volle bedrag is in 'n merkwaardige tydperk ingesamel.

Mnr. Anton Janse van Rensburg, die skoolhoof, getuig: "Dit is vir ons 'n voorreg om 'n pad saam met Stéfan te kan stap. Ons hoop hy kan eendag terugkyk op sy lewe en sê dat die Hoërskool Sentraal werklik sy skoolloopbaan verryk en beter en mooier gemaak het."

Sentraal laat die potte warm prut

JANÉ APPEL

KykNET se *Skole Kook* is 'n nasionale kompetisie waarin spanne meeding om uiteindelik die titel *Skole Kook* in te palm.

Nicci Cilliers en Nicola van Zyl (graad 12-verbruikerstudieleerders) wenners van die eerste uitdunrondte het die Tralies verteenwoordig. Hulle moes 'n variasie van Franse roosterbrood voorberei.

Tydens die semi-finaal op 24 Augustus, waarin slegs vier spanne van die Vrystaat meegeding het, was daar strawwe kompetisie. "Ons opdrag was om 'n soutgereg met skilferkors- en filodeeg te maak. Ons moes gebruik maak van *Montagu* se droë vrugte en/of neute en *Willow Creek* se gegeurde olies," sê Van Zyl.

Hulle het in die spoggerige kombuis van *The Food and Beverage Institute (FBI)* in Bloemfontein hulle poging om die titel van *Skole Kook* wenskool en -span te verwerf, voortgesit.

Sentraal se span het 'n Springbok Wellington gemaak en met geroosterde beet, 'n salsa patatpuree en 'n chilli sjokoladesous opgedien.

Alhoewel die Tralies nie na die eindrondte deurgedring het nie, het die twee "kokke"dore waardevolle ondervinding in die kombuis opgedoen.

"Ek dink beide van ons was meer ontspanne en het die ervaring baie geniet," het Van Zyl opgewonde gesê.

Tswellang kan dans en vermaak

JESSICA ONDERSTALL

Tswellang Spesiale Skool vir kinders met spesiale behoeftes, het Sentraal met 'n hartroerende optrede kom verras.

Tydens 'n saalbyeenkoms op Maandag, 28 Augustus, het die glimlaggende graad R-leerders vir die Tralies gesing. Hulle het ook baie entoesiasties die skool geleer hoe om die dae van die week in Sotho te sê.

Die ouer leerders het, ongeag verskillende gestremdhede, vreugdevol en baie energiek onder die vaandel van *Freestylers* gedans.

Arbeidsterapeut, Michelle Venter, het die geleentheid gebruik om die leerders aan te moedig om plakkers te koop ter ondersteuning van Loslitdag. Hierdie fondse sal aangewend word om die verskillende behoeftes van die leerders van Tswellang aan te spreek - onder andere sport- en kultuurbenodigdhede.

288 leerders tussen die ouderdom van vyf en 18 jaar word by Tswellang onderrig. Twee-en-negentig leerders word in twee koshuise geakkommodeer en vervoer word daagliks aan 130 leerders verskaf. Die jaarlikse skoolgeld beloop slegs R1600 en sluit kos, vervoer, mediese dienste en administratiewe fooie in.

"Tswellang is afhanklik van fondsinsamelings vir ekstra fondse," volgens Venter.

Venter vertel dat hulle tema vir die jaar diversiteit is en mooi inpas by die diverse behoeftes van die leerders.



Tswellang Spesiale Skool besoek die Hoërskool Sentraal. **Foto: Jané Pienaar**

Sentraal ryk uit na mense in tye van nood

JANÉ APPEL

Op 8 Augustus het die Tralies die vaal gesig van dié koue wintersoggend opgehelder. Tralies het met wollerige musse, helderkleurige serpe, bont kouse, truie en komberse oor hulle skooldrag by die skool opgedaag.

Dié snoesige klere is later die dag uitgetrek en is deel van Mnr. en Mej. Tralie 2017, Cobus Raath en Lu-Zahn Jansen van Rensburg, se gemeenskapsprojek. Jansen van Rensburg sê dat hulle 'n projek wou loods waaraan al die Tralies kon deelneem.

Na die insameling is daar bont gestaan om die klere te sorteer en in pakkies op te maak. Elke pakkie het 'n stel handskoene, kouse, serp, trui en of kombers bevat. “Die projek was 'n reuse sukses! Daar is meer klere ingesamel as wat ons aanvanklik verwag het,” sê Jansen van Rensburg entoesiasties. Dié pakkies is in woongebiede, waar wintersklere broodnodig is sowel as by kerke wat dit deur hulle barmhartigheidsprojekte aan soortgelyke instansies gaan versprei, afgelewer.

Verwoestende veldbrande het die afgelope tyd boere in die distrik met hulle hande in hulle hare, knieë op die grond en hulle oë vasgenael op die hemel gelaat. Die Mnr. en Mej. Tralie 2017 finaliste het die nood by boere, ten opsigte van die verlies van weiding, raakgesien en so hulle *Manna vir die Boere*-projek geloods.

Die leerders het veevoer by Senwes aangekoop en op die 15e September aan 'n anonieme boer, wat in nood was na sy weiding afgebrand het, geskenk.

“Daar is geen manier waarop ek julle regtig kan bedank vir dit wat julle vir my gedoen het nie,” sê die bewoë boer.

112 jaar deur oud en jonk gevier

Boeresportmanewales laat almal skaterlag op hierdie dag



Onnies en leerders stel hulle boeresportvaardighede ten toon. **Foto: Cara le Roux**

ALISE PRETORIUS

Die Hoërskool Sentraal het vanjaar sy 112e verjaarsdag op 'n feestelike wyse gevier. Die hoogtepunt was egter op Vrydag, 25 Augustus, toe die Tralies se boeresportvaardighede en gees getoets is.

Leerders het in klasverband deelgeneem. Elke klas is volgens 'n tema van hul keuse geklee en hulle mede klasmaats het hulle luidkeels aangemoedig. Die graad 12E- klas het die meeste punte gekry en is as die wenklas aangewys. “Die hoogtepunt van die dag was toe ons met verskillende lekkernye bederf is,” sê Lee-Marie Steyn, 'n graad 11-leerder.

Die vieringe is afgesluit met die jaarlikse verjaarsdagbal.

Kamp ontgin leiers se karakter

IRENE MARAIS

Die nuutverkose leerderraad van die Hoërskool Sentraal het tradisioneel by die avontuurkampterrein, *On Track Adventures*, gekamp.

Die instrukteurs het dié onseker gesiggies vinnig welkom laat voel. Die doel van die kamp (18-20 Augustus) was om die nuwe leerderraad bloot te stel aan uitdagings wat moontlik in hulle termyn mag voorkom. Elke probleem het beplanning en koppe bymekaar sit, geverg. Gedurende al die aktiwiteite was dit van kardinale belang om mekaar te help, te motiveer en selfs meer - om mekaar se idees te respekteer.

Lanternbekruip, vriendelike oorlog op die *paintball* slagveld, vlugbal en kopkrappers, wat die leiers met tye moedeloos gelaat het, is op die proef gestel. Dit was die hindernisbaan o.a die modderige ottergat wat besondere karaktereienskappe na vore gebring het.

Een van die instrukteurs wat diep in hulle harte gekruip het, Carina Loesch, het voor die uitdaging van die hindernisbaan gesê: “Julle voltooi die hindernisbaan teen tyd so vergeet van bloed, skrapies en stukkende knieë.”

Leerderraadslid, Oageng Khasake, sê: “Alhoewel ons baie pret gehad het, kon ons iets uit elke situasie leer.”



Onstuimige water stuit nie nuutverkose leiers nie. **Foto: Johke Smit**

PROFIEL

Sekretaresse tree uit na 21 jaar

LISA-MARI DE KLERK

Martha Sophia Conradie, beter bekend aan die Tralies as tannie Martie Calitz, het in die Hoopstad distrik grootgeword. In 1970 matrikuleer sy aan die Hoërskool Hertzogville. As skolier het me. Calitz aan aktiwiteite soos atletiek, netbal, redenaars en volkspele deelgeneem. Me. Calitz is ongeveer veertig jaar al 'n sekretaresse, waarvan sy 21 jaar by die Hoërskool Sentraal deurgebring het. Sy is al 43 jaar getroud en het twee dogters en twee kleindogters.

Waarom het me. 21 jaar gelede besluit om by Hoërskool Sentraal aansoek te doen?
Terwyl ek by die Skool vir Verrykingsonderwys werksaam was, het ek met talle skole in die Vrystaat gewerk. Die Hoërskool Sentraal het as 'n skool van uitnemendheid uitgestaan en daarom was dit vir my 'n voorreg om by dié skool aansoek te doen.

Na wie kyk me. op en waarom?
My ma. Ek het baie lewenslesse by haar geleer. Sy het altyd gesê die lewe is die somtotaal van al jou keuses. Haar woorde was altyd dat dit nie die jare in jou lewe is wat saak maak nie, maar die lewe in jou jare.



Me. Martie Calitz. **Foto: Nicci Cilliers**

Watter lewenslesse het u tydens u tydperk by die Hoërskool Sentraal geleer?
Ek het geleer hoe verskillend elke mens is. Daarom moet 'n mens nooit ophou om goeie dade vir ander mense te doen nie. 'n Goeie hart is beter as al die verstand in die wêreld.

Wat is u gunsteling seisoen en waarom?
Die lente - die tuine is oortrek met bloeisels en blomme. Dit doen iets aan 'n mens se gemoed.

Het u 'n soet- of souttand?
Vir seker albei!

As me. 'n gunsteling sanger of sangeres moes kies, wie sou dit wees?
Elvis Blue

Wat is me. se gunsteling fliek? Waarom?
Grease – John Travolta. Die musiek dateer uit my jong dae.

Watter rugbyspan ondersteun u?
Beslis die Cheetahs!

Wat doen u vir ontspanning?
Ek stap graag. Ek is ook mal daaroor om in die tuin te werk en ek werk graag met blomme. Verder hou ek van bak en kosmaak.

Wat is me. se planne vir u aftrede?
Ek sal nou beslis die oggendbybelstudie by ons kerk bywoon en by 'n tuinbou- en fynproewersklub aansluit.

Geo Jooste wen 'n internasionale kompetisie

Biologie onderwyser is stomgeslaan oor fotografienuus uit die buiteland

"Ek het nie eers geweet van so 'n kompetisie nie ..."

JANÉ APPEL

Mnr. Geo Jooste, adjunkhoof en biologie onderwyser aan die Hoërskool Sentraal, was werklik stomgeslaan toe hy meegedeel is dat sy foto van 'n slanghalsvoël as algehele wenner in die *Nature Concervancy Photo Contest* aangewys is.

Die *Nature Concervancy* is 'n internasionale organisasie wat natuurbewaring wêreldwyd bevorder. Hulle hou jaarliks dié internasionale fotografiekompetisie waar 'n paneel van agt professionele fotograwe, onder andere van *National Geographic*, die foto's beoordeel. Jooste se inskrywing was een van 33000 inskrywings uit 141 lande.

"Ek het nie eers geweet van so 'n kompetisie nie, maar my dogter in Amerika het my daarop gewys. Ek het toe 'n paar foto's ingeskryf. Later het ek verneem dat my foto onder die top 100 is waarna ek daarvan vergeet het. Dit is juis daarom dat ek werklik uit die veld geslaan is toe ek die nuus ontvang het," sê Jooste met 'n titseltjie ongeloof in sy stem.

"Dit is nét genade," sê hy.



Dié foto van 'n slanghalsvoël besorg Jooste pryse ter waarde van sowat R13 547. **Foto: Geo Jooste**

Wiskunde boffin reis na Indië



Handré Venter tydens sy besoek aan Indië. **Foto: Verskaf**

FRANCO SMIT

Handré Venter, 'n graad 10-leerder, blink uit in wiskunde en het daarom aan die *International Mathematics Competition* (InIMC 2017) in Indië gaan deelneem.

Wanneer het jy jou liefde vir wiskunde ontdek?

Ek sou dit nie liefde noem nie. Ek het van jongs af wiskunde net baie maklik verstaan.

Wat maak wiskunde anders as ander vakke?

In ander vakke moet ek ure leer om die vrugte te pluk.

Verduidelik asseblief hoe die kompetisie in Indië gewerk het.

Die kompetisie het met 'n individuele toets van 120 punte begin. Vervolgens het ons, as 'n span van vier, nog 'n vraestel geskryf.

Watter lewenslesse het jy tydens die kompetisie geleer?

Wen is nie alles nie. Ek het 'n nuwe uitkyk op die lewe gekry. 'n Mens moet die lewe geniet en al die geleenthede wat op jou pad kom, benut.

Hoe het jy Indië beleef?

Dis 'n pragtige land met 'n ryke kultuur. Die inwoners was baie vriendelik en wou meestal goed smous.

Wat is jou toekomsdroom?

Ek wil graag eendag 'n programmeerder word of enige iets anders in daardie rigting.

Wat is jou raad aan leerders wat met wiskunde sukkel?

Die resep om wiskunde te bemeester is eintlik baie maklik: jy moet die werk wat jy in die klas gedoen het elke dag by die huis gaan hersien. Wiskunde is soos boublokke - jy benodig almal om die konstruksie te kan bou.

Spel só lekker in jou moedertaal

FRANCO SMIT

Tydens die WOW-spelfees se provinsiale rondte wat op 31 Augustus plaasgevind het, het ses Tralies na die nasionale rondte deurgedring. Leandri du Plessis (graad 8), Marnus Moolman, Janné Kleynhans, Cindy Wessels (graad 9), Franco Smit en Nadia Havenga (graad 10) het op 21 Oktober in Stellenbosch aan die nasionale rondte teen leerders van regoor Suid-Afrika deelgeneem. "Dit is vir my 'n groot voorreg om teen die beste spellers in die land te kon deelneem," meen Smit.

Die nasionale kompetisie het uit verskeie rondtes bestaan. In elke rondte word 'n woord aan die deelnemer gegee waarna hy of sy die woord moet sê, spel en dan weer sê. Sodra 'n fout begaan is, het die deelnemer uitgeval. Makliker gesê as gedaan. In die graad 8-afdeling is die wenner eers na byna 4 ure se spel bepaal. Smit (graad 10) behaal 'n skitterende 3e-plek uit 28 deelnemers. Kleynhans (graad 9) behaal 'n 4e-plek en Du Plessis (graad 8) 'n 5e-plek.

Dié is egter maar net die punt van die ysberg. Tydens die ATKV-Spelathon se provinsiale rondte wat op 17 Augustus plaasgevind het, het twee leerders van die Hoërskool Sentraal deurgedring na die finale rondte wat op 28 Oktober by die Leeuwenhof Akademie in Germiston gaan plaasvind. Ilze van der Merwe (graad 9) en Nadia Havenga (graad 10) sal daar in hulle onderskeie afdelings meeding om moontlik uiteindelik as die beste speller in die land bekroon te word.

"Spel is nie vir sissies nie. Om woorde so in die openbaar te kan spel toon karakter en waagmoed," meen me. Mari Smit (Afrikaans vakadviseur).

"Ons is trots op elke Tralie," het mee. Petro Steenkamp en Nellie de Beer (hoof koördineerders) aan die Tralie Varia gesê.

Boeresportdag steun armoedeverligting

IRENE MARAIS

Die ATKV-tak Bloemfontein, in samewerking met Athalia uitreik, het 'n boeresportdag in die arena van die Bloemfontein skougronde aangebied.

Bianqha Deetlefs, Chené Pieterse, Ansu Potgieter en Lise-Mari Pretorius (graad 10) van die Hoërskool Sentraal het op Saterdag, 12 Augustus, die projek ondersteun en aan die sportdag deelgeneem. Die projek is deur die ATKV geloods met die hoofdoel om die verligting van armoede in die gemeenskap aan te spreek.

Die inskrywingsgeld is onder andere vir laasgenoemde aangewend. Die vier jeugtakke in die stad nl. Taalindoenas, Sandtrappers, Kultuursatisfaksie en Traliejeug het aan die boeresport deelgeneem en so die projek ondersteun.

Driebeenresies, sakresies en om met 'n eier op 'n eetlepel te hardloop,was deel van die pret. Die Tralies het 'n 1e-plek in die driebeenresies en 'n 2e-plek in die sakresies en eierhardloop, ingepalm. Die deelnemers kon na afloop van die boeresport heerlik aan potjiekos en ander lekkernye smul.

Pieterse getuig dat sy lanklaas so lekker gelag het. Deetlefs het genoem dat hulle dit enige tyd weer sal doen. "Dit het ons span nader aan mekaar gebring en ons kon weer ons kinderjare herleef."

Die ATKV gebruik die boeresportdag se fondse om armoede te help verlig. Die dag se verrigtinge was beslis nie net om te vermaak nie, maar dit behoort baie behoeftiges aan te raak.

"Sentraal is trots op die Tralies wat die klein dingetjies aangryp om so 'n bewusmakingsaksie te ondersteun," sê me. Barbara Engelbrecht (aktiwiteitshoof van die ATKV-Traliejeugtak).

Shakespeare verening Tralies en Grey Kollege

JESSICA ONDERSTALL

Op Vrydag, 13 Oktober, het die Shakespeare skolefees vir die eerste keer in die Vrystaat op die planke verskyn.

Dié fees wat in Londen ontstaan het, is in 2009 na Suid-Afrika gebring, waartydens slegs een skool deelgeneem het. Vanjaar is die fees, o.l.v. Thys Heydenrych, in die Vrystaat aangebied.

Heydenrych, Kovsie-dosent, sê dat hy die geleentheid om die fees plaaslik te koördineer aangegryp het. Die program is geopen met 'n vertoning deur Hoërskool Rosenhof. Leerders van die hoërskole Sentraal en Grey Kollege het vervolgens 'n verwerking van William Shakespeare se *Macbeth* opgevoer.

Volgens Heydenrych was geeneen van die leerders vooraf Shakespeare Engels magtig nie. Tydens die opvoering het hulle nietemin vir 45 minute dié Engels gehandhaaf. Die volgende Tralieleerders het hulle lyf akteur gehou: Corné Greyling, Armand Lourens, Chloe Cilliers, DJ van der Walt, Charné Theron, Klarisse Jordaan en Anké Meyer.

"Dit was 'n enorme uitdaging om in Shakespeare Engels my rol te vertolk," sê Lourens.

Tiffani Cornwall (programbeampte) het die gehoor ingelig rondom die misterieuse gebeure tydens die heel eerste opvoering van *Macbeth*. Die hoofkarakter van die drama is volgens een van die mites per ongeluk met 'n dolk doodgesteek. Dit het daartoe gelei dat die bygeloof ontstaan het dat daardié persoon se gees nog op die verhoog spook wanneer hulle die naam *Macbeth* gebruik. Gevolglik het Cornwall seker gemaak sy staan nie op die verhoog nie.

Lank lank gelede in Tralieland

Trompie en die boeke-(boksom)bende maak amok by Sentraal

MICHÉ NEL



Ontmoet Sentraal se eie *Mad Hatter*. **Foto: Jané Pienaar**

Die Hoërskool Sentraal het vanjaar weer die nasionale boekeweek gevier. Al die Tralies is uitgedaag om hulle kreatiwiteit ten toon te stel deur soos hulle gunsteling boekkarakter aan te trek.

Charné Theron (graad 10) het die kompetisie loshande gewen. Theron, geklee as die *Mad Hatter* van *Alice in Wonderland*, het die beoordelaars se aandag met haar oranje krullebos en bont klere onmiddellik getrek.

Daar is aan Theron gevra waarom sy juis hierdie karakter gekies het. "Dié karakter is nog altyd vir my 'n groot inspirasie omdat ek ook as 'anders' geklassifiseer wil word. Ek glo elkeen is uniek geskape en niemand hoef skaam te voel daaroor nie."

Lohané Jordaan (graad 8) het 2e geëindig. Jordaan was die ewebeeld van die karakter, *Hermione Granger* van *Harry Potter*. Jordaan getuig: "*Hermione* het van kleins af reeds my hart gesteel. Dit was 'n baie opwindende ervaring om soos my gunsteling boekkarakter te kon aantrek."

Die 1e- en 2e- plek het altesaam 'n geskenkbewys ter waarde van R300 van *Bargain Books* ontvang.

Die Hoërskool Sentraal se eie boksom-bende is as die groep met die meeste gees aangewys. Die vier "moeilikheidmakers" Francois du Plessis as 'n opregte *Trompie*, Giovanne Venter as *Blikkies,* Christiaan Duvenage as *Rooies* en Nicholas Jansen van Rensburg as *Dawie,* het beslis hulle merk gemaak.

Dié graad 10-leerders getuig: "Ons het dié karakters gekies omdat die Trompie reeks ons kindwees na vore bring. Dit is ook nie vir ons vreeslik moeilik om te vereen-selwig met 'n groep seuns wat van katte-kwaad hou nie!"

AV inspireer die 2017 jeug

KYLA LESSING

Verskeie skole in en om Bloemfontein het vir vanjaar se 17e jeugberaad by die Hoërskool Sentraal byeengekom. Die Hoërskool Sentraal se Akademiese Vereniging was gasheer van dié spoggeleentheid.

Vanjaar se tema was *Nou of nooit*. Op 4 Augustus het plaaslike rolmodelle met die leerders gesels oor hul toekoms en hoe om hul drome 'n realiteit te maak. Daarna het leerders na die saal verdaag waar die voorsitter van die Akademiese Vereniging, Soné du Pisanie, die leerders verwelkom het. *TeamBo* het daarna op 'n ritmiese wyse die ys gebreek.

Die sangers, Leah en Willem Botha, het motiveringspraatjies gelewer en die leerders met treffers vermaak. Leah vertel: "As jy jou unieke self is, is daar geen kompetisie nie. Dit maak nie saak waar jy vandaan kom of wat jou omstandighede is nie. Jy kan bo dit uitstyg."

Johan Pyper, van die Noordwes Universiteit, het ook met die leerders oor hulle toekoms aan 'n tersiêre instelling gepraat. Daar was ook besprekingspunte waar die leerders hulle mening oor verkillende kwessies in Suid-Afrika kon lug.

Rolstoelrugbyspeler, Jared McIntyre, het die leerders inspireer deur vir hulle van sy duikongeluk te vertel. Hy sê: "Dit is altyd vir my 'n inspirasie om voor mense te staan en my lewensverhaal te vertel."



Leerders luister aandagtig na inspirerende boodskappe. **Foto: Natasja Jansen**

Zion Lotz is Sentraal se sterretjie

LISA-MARI DE KLERK

Die *Ek-is-'n-ster*-projek, 'n wonderlike inisiatief, is in 1997 deur me. Marlene Jooste gestig. Hierdie projek het verseker dat meer as 700 kinders van verskillende ouderdomme se laaste drome waar word. Die *Ek-is-'n-ster*-projek is nie beperk tot Bloemfontein nie, maar het 'n reuse impak op kinders se lewens in verskeie provinsies.

Dit is die 12e agter-eenvolgende jaar dat die Hoërskool Sentraal die *Ek-is-'n-ster*-projek, in samewerking met me. Jooste, aangepak het. "Dit is elke jaar vir my 'n onge-looflike voorreg om julle te kan bedank vir julle betrokkenheid. Die Hoër-skool Sentraal is steeds die enigste hoërskool in die Bloemfontein streek wat betrokke is by die *Ek-is-'n-ster*-projek," het me. Jooste aan die Tralie Varia gesê.



Zion en sy familie in die skoolsaal. **Foto: Zetske Posthumus**

Die Verteenwoor-digende Raad van Leerders (VRL) het op 21 en 22 Augustus koekverkopings gehou om geld in te samel vir die tweejarige seuntjie, Zion Lotz. Hierdeur kon die VRL, met behulp van die puik ondersteuning van die Tralies, R5000 insamel.

Hanno de Jager, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het ook hand in eie boesem gesteek deur aan besighede se deure te gaan klop en kon man alleen R10 000 bymekaar maak. "Die mense gee graag as dit vir die regte redes is. Ek het mense ontmoet wat die geleentheid raakgesien het om 'n verskil in iemand anders se lewe te maak," het De Jager aan die Tralie Varia gesê.

Lotz is op 14 September 2015 gebore. Kort na sy geboorte moes hy 'n reeks operasies ondergaan as gevolg van gesondheidsprobleme. Dokters het toe ontdek dat daar 'n tumor so groot soos 'n gholfbal aan sy breinstam vasgegroei het. Na die operasie, om die tumor te verwyder, is Lotz nie meer heeltemal die seuntjie wat hy voorheen was nie.

Hy is nou aan verskeie masjiene gekoppel om te help met noodsaaklike liggaamsfunksies soos asemhaling en voeding.

Die geld wat ingevorder is, is tydens 'n saalperiode aan die Lotz gesin oor-handig. Die biep-biep van sy monitor het die lug gevul en leerders se harte aangeraak.

Me. Chantelle Lotz (Zion se mamma) gaan hierdie geld aanwend om 'n seminaar by te woon waar die kenners haar gaan touwys maak hoe om hom nog beter te versorg.

"Ons hanteer dinge een dag op 'n slag. Die Here het Zion deur al sy eina's gedra. Hy het al 'n paar keer amper in die hemel gaan bly, maar die Here het 'n plan met hom hier op aarde," het me. Lotz gesê.



Hoe lyk jou tapisserie?

Kan jy 'n duisend treë in my voetspore loop. Ken jy my hartklop en verstaan jy die woorde tussen die lyne? Dan alleen sal jy weet hóé bont of hóé blou!

Net jy en jou Skepper ken die verkeerde kant van jou tapisserie. Die knope… die drade… die skêr…. en die raam. Elkeen het 'n prentjie - 'n prentjie van kleur of in swart!

Wat is jou toneel? Hoe word die drade van die samelewing met die tapisserie van jóú lewe vervleg?

Help! Hoekom? Waarom? Dit is die uitroep van die wewersdraad. Blou. Bont. Gekam. Gemat. Tot die volmaakte eenheid. Die volmaakte mat.

Kyk weg van jou weefwerk, kyk weg van jouself, want jy hou die goue draad van 'n ander se mat as jy net bereid is om dieper te delf.

Kan jy, wewer van jou eie mat, vir Stéfan Robberts, 'n toekomstige Tralie met 'n degeneratiewe spiertoestand, help weef aan sy mat? Elkeen se weefwerk - bont en abstrak. Patrone van genade. Patrone van swart! Jou bydrae kan 'n wesenlike verskil aan sy tapisserie maak. Klem jy net aan jou eie prentjie, dan word dit 'n toneel vol spanning en smart. Stéfan het sy tapisserie ontvang, sy knope en steke is verweef en vervleg. Hy bestuur dit met behulp van fondsinsamelings.

Sy prentjie wys aan almal wat 'n wewer, met behulp van 'n plan, kan bemeester. Die hysbak staan gereed… Sinvol… hoopvol… kleurvol.

Sentraal omarm jou met 'n koesterende vlerk.

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Skarniere waarop ons deure draai

MICARLA DU PLESSIS

"Indien jy nie die lewe met 'n oop gemoed aanpak nie, sal menigte deure vir jou geslote bly." – Anoniem.

Deure!

Deure gaan oop – deure gaan toe, maar sonder skarniere is 'n deur totaal stagnant.

Die HAT beskryf 'n skarnier as 'n toestel om twee voorwerpe draaibaar te verbind. Hoe sprekend is dit nie van enige persoon se lewe nie? Sonder skarniere in ons lewe sal daar nooit toegang tot die deur van die toekoms verleen word nie.

Ons staan spreekwoordelik voor ons "oop" deur. Die matriekdeur se skarnier het vinnig oopgeswaai en daar staan hy gapend en loer! Ons skarniere het ons stewig deur die horlosie van tyd geanker. Elke skarnier dien sy eie persoonlike doel – blink gepoets. Geolie. Gerat. Soms geroes, verweer en net sat - maar nooit doelloos in ons Skepper se hand nie.

Swaar het elkeen geleun, gesteun, gedraai en geswaai op elke skarnier aan sy deur.




Horlosie van tyd, met verbete slae tik jy elke sekonde, elke jaar verby. Jou skarniere draai op geleende tyd.

Deure, sal julle bly swaai? Sal julle bly staan? Die funksie van die deur is om vir jou 'n blink toekoms van waarde te baan.



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys!! 072 9180 444



Besoek gerus www.wecan24.co.za om nog interessante Tralie Varia berigte te lees.

REDAKSIE 2017

REDAKTEUR:
Micarla du Plessis

SUB-REDAKTEUR:
Lisa-Mari de Klerk

NUUS BLADREDAKTEUR:
Miché Nel

KULTUUR BLADREDAKTEUR:
Suzél Lessing

JOERNAAL BLADREDAKTEUR:
Lida Roodt

SOSIAAL BLADREDAKTEUR:
Irene Marais

SPORT BLADREDAKTEUR:
Elrie Meyer

JOERNALISTE:
GRAAD 11:
Jessica Onderstall, Alise Pretorius, Kyla Lessing, Jané Appel

GRAAD 10:
Franco Smit

FOTOGRAWE:
GRAAD 12:
Natasja Jansen, Nicci Cilliers, Zetske Posthumus

GRAAD 11:
Johke Smit, Jané Pienaar

GRAAD 10:
Cara le Roux

SPOTPRENT:
Armand Lourens



Geagte Redakteur

Liewe Redakteur

Die tronk se hekke is bottoe gesluit.

Is vroegloop dalk iets van die verlede? Ek was nog nooit so bly om 'n plek te verlaat nie. Al die *loopholes* is oopgevlek en opgebruik. Om Vrydae vroeg te loop en klasse te bank is verby. Ons is in die ferm greep van die *scanner* se hand.

Namens al die matrieks wil ek graag verskoning vra aan al die ander grade wat vir seker nie *40 days* mag vier nie. En vir die onnies wat dit gereël het - regtig? Nie een reel vooraf deurgegee nie?

Maar liewe, Redakteur, van die vorige brokkie nuus het daar ook niks gekom nie. Lees niemand wat ek skryf nie?

Beiaardier, ek vra groot asseblief dat die klokke op tyd moet lui. Daar gaan my arme pouse alweer om nie eers te praat van die koshuisbrakke se middagete nie.

Om toets te skryf is klaar baie stresvol. 'n "Gebrek" aan tyd veroorsaak egter onnodig 'n kol op die maag.

Dink asseblief aan die Tralies wat platsak is. Die prys van *Frozen Yoghurt* het binne slegs twee weke met R2-00 verhoog? Ai, en ek was so lief vir hierdie lekkerny.

Om alles te kroon is daar geen seep in die badkamer as ek my jogurthande wil gaan was nie.

Daarom, Redakteur, vra ek net 'n bietjie genade vir 'n Tralie agter tralies.

- Uitgesproke Tralie

Ekstra klasse: is dit 'n euwel of is dit 'n aanwins?

Die nuutste tendens - of dalk net 'n modegier in skole - word ontbloot

LIDA ROODT

Die millennium-generasie sit tans die skoolbanke vol. Met wakker oog en doelwit hoog is werk vir hul geen las, maar is selfstudie dalk?

Of is daar 'n ander rede wat daartoe bydra dat 43% van graad 11-leerders, wat aan die steekproef deelgeneem het, ekstra klasse neem?

Gedurende die leerders se graad 11-jaar herinner onderwysers hul gereeld dat dié punte vir universiteitsaansoeke gebruik word. Die aansoekproses neem baie tyd in beslag. Wat word eerste van 'n matriek versoek? Jou graad 11-rapport.


Is ekstra klasse net 'n hupstoot vir leerders om hul akademiese potensiaal te bereik of het dit die verskoning geraak vir laks wees by die skool?

Die 43% wat ekstra klas neem word as volg verdeel: 47% wiskunde-, 19% fisiese wetenskap-, 22% rekeningkunde-, 6% Engels-, 3% Afrikaans- en RTT-klasse.

'n Graad 11-leerder het die motivering vir haar ekstra klasse gedeel: “Ek sukkel soms om vangplekke in die somme en vrae raak te sien. Tydens die ekstra klasse word die vraagstelling aan my verduidelik. Ek voel baie meer op my gemak om vrae te vra as ek in 'n klein groepie werk.”

Die gevolgtrekking is dus dat ekstra klasse 'n aanwins kan wees, mits dit verantwoordelik bestuur word.

Ekstra klasse verdeling vir die graad 11-leerders is as volg:



Grafika: Lida Roodt

RESENSIE

Vaselinetjie sal jou hartsnare roer

Genre: *Drama*
Regie: *Corné van Rooyen*
Draaiboek: *René en Corné van Rooyen*
Tydsduur: *101 minute*
Beperking: *13 TGV*
Aanbeveling: *8/10*

FRANCO SMIT

Vaselinetjie is die hartroerende film wat op die jeugroman van Anoeschka von Meck gebaseer is. Corné van Rooyen het die alledaagse uitdagings en struikelblokke wat die jeug teëkom uitstekend uitgebeeld in 'n film wat hoop vir die toekoms bied.

Marguerite van Eeden speel die rol van Helena “Vaselinetjie” Bosman, 'n wit optelkind wat deur twee bruinmense grootgemaak word. As kind ervaar sy moeilike tye by haar plaaslike skool weens haar velkleur, maar op die ouderdom van elf verander haar hele lewe. Die welsyn besluit om haar na 'n Johannesburgse kinderhuis te stuur sodat sy haar skoolloopbaan in 'n beter omgewing kan voltooi voordat sy na die Karoo kan terugkeer.

Stoksielalleen in die groot stad gaan haar lewe drasties agteruit. Sy beland in 'n portuurgroep wat haar vinnig nie meer "oupie" en "oumie" se engeltjie maak nie...

Vaselinetjie sal elke kyker moontlik 'n paar trane laat stort. Die gruwelike lewe in 'n kinderhuis is skrikwekkend. Elke karakter se agtergrond is vol verdriet, pyn en hartseer en dit word spontaan in hulle optrede uitgebeeld.

Die akteurs het hulle onderskeie rolle uitmuntend vertolk. Die beligting en klank is van hoogstaande gehalte wat 'n dramatiese atmosfeer regdeur die storie skep. Die film oorstroom egter van kru- en eksplisiete taalgebruik wat sensitiewe kykers moontlik kan ontstel.

Die film het vroeër vanjaar die toekenning vir die beste film ontvang tydens *kykNET* se Silwerskermfees. Dié waardige pryswenner is die moet-sien-film van 2017. Jy wíl dit nie misloop nie.



***Vaselinetjie*-akteurs in 'n ligte luim.** **Foto: Verskaf**

Matriekvakansie: Wat kos dit?

LIDA ROODT

Jou skoolloopbaan sluit na 12 jaar op 'n hoogtepunt af. Almal het natuurlik hulle eie brokkie raad oor hoe om dít reg te kry. Niemand sê ooit veel oor die finansiële implikasies nie. Behalwe vir die gewone skool- en koshuisgelde is daar ook ander uitgawes waarvan kennis geneem moet word.



Grafika: Lida Roodt

Matriekafskeid: oor die prys van die rokke en pakke hoef daar niks gesê te word nie. Neem kennis dat die kaartjies in 2017 'n paartjie R450 per persoon uit die sak jaag. As jy gek is oor foto's moet jy onthou om te begroot vir die fotokaartjies. Die hele familie kan kom kyk hoe jy in jou uitrusting pronk, maar natuurlik teen 'n prys.

Moet ook nie vergeet van die kostes daaraan verbonde vir die neem van professionele foto's nie. Dit kan 'n aardige bedrag wees.

Matriekvakansie: 'n matriekvakansie word beplan om van die eksamenstres ontslae te raak. Die gewildste keuses is een van die volgende: enige iets by die see soos die *Plett Rage*, die *MSC Simfonia* se matriekbootreis of sommer enige plek waar matrieks sonder ouertoesig kan vakansie hou.

Universiteitsfooie: die meeste universiteite in Suid-Afrika se registrasiefooie wissel. Maak die wêreld sommer van die begin af vir jouself 'n beter plek deur vroegtydig te spaar vir dié lastige uitgawe. Sodoende sal jy nie met jou hande in die hare oor sulke fooie sit nie.



Sentraal Vintage Cirque Maskerbal

Matriekafskeid 2017 was uit die boonste tentpenne



Een van die vele interessante voertuie waarmee matrikulante gearriveer het . **Foto: Verskaf**

MICARLA DU PLESSIS

Die formele maskerbal met die tema: *Vintage Cirque*, is by die spoglandgoed Monte Bello, op 29 September, net buite Bloemfontein aangebied.

Die kleurvolle balonne gesaai oor die vloer lyk dalk na 'n sirkus, maar dít was beslis nie.

Opgetof in die beste ontwerpersvere van Casper Bosman, EL Heathcoat en vele ander van Bloemfontein se eie *who is who*, het die matrieks en hul metgeselle opgedaag. Die spoggerige motors het jou soms laat vergeet dat die matrieks nou eintlik veronderstel was om die glanspersoonlikhede van die aand te wees.

Die saal was pragtig getooi in onder andere lemmetjiegroen en pers asook stringe liggies en swart kuile.

Die artieste het die gaste na hul asems laat snak en hul amper letterlik aan die brand gesteek.

Van chauffeers tot kelners: die graad 11-harlekyne (met swart en wit klere en geverfte gesigte) het 'n reuse bydra gelewer om die spesiale aand 'n onvergeetlike geleentheid te maak.

"Vandat ek in graad 8 in Tralieland verwelkom is, sien ek uit na die matriekafskeid. Al my verwagtinge is oortref en 'n jaar se beplanning was definitief nie verniet nie," sê Lida Roodt, 'n matrikulant.

Dit is lekker om 'n koshuisbrak te wees

SUZÉL LESSING

Die Eie Haard inwoners is met 'n "koshuisweek", soos dit in die koshuismond bekend staan, bederf.

Die inwoners se ontbyt, middag- en aandetes was uit die boonste rakke. Hulle het ook pouses, asook na hul presensie geneem het saans, peuselhappies gekry. Hierdie peuselhappies sluit o.a. in: gaskoeldranke, pasteie, gegeurde melkies, ham- en kaastoebroodjies, kolwyntjies en oliebolle.

"Vanjaar se koshuisweek was vir seker een uit die boeke en dit was 'n groot bederf wat een en elkeen van ons baie waardeer en geniet het," beaam Joané van Rheede van Oudtshoorn, 'n matrikulant en koshuisbrak.

Die inwoners het die verjaarsdagweek met die *Blaf Awards* begin. Dit is 'n funksie waar al die koshuisbrakke stem vir toekennings soos: dié mooiste persoonlikheid en dié grootste ego.

Die tema van die aand was *Casino* en die Blaflede het baie moeite gedoen om hierdie tema met speelkaarte en kartonvorms van harte, diamante, skoppens en klawers te weerspieël. Die verjaarsdagweek is afgesluit met die jaarlikse geselligheid: die osbraai. Vanjaar was die dansvloer en die tafels in een lokaal en dit het gesorg vir 'n gesellige aand tussen die oud-Tralies en die trotse koshuisbrakke.



Die 'ouer garde' het die jonger kinders gewys watter danspassies in hul steek en dat hulle ook nog hulle heupe kan swaai en skud.

Dansers neem gehoor op wêreldreis

FRANCO SMIT

Die Hoërskool Sentraal se jaarlikse dansbonanza het weer 'n standaard van sy eie gestel.

Elke graad 8- en 9-klas moes 'n dans so choreografeer dat dit 'n spesifieke land uitgebeeld het. Ná maande van beplanning en voorbereiding het die groot aand op 23 Augustus, uiteindelik aangebreek asook die kans vir een klas om R2500 ryker te word.

Die gehoor het die geleentheid gekry om 12 lande te besoek. Van Meksiko tot onder by Nieu-Seeland – is 12 verskillende kulture op een verhoog verenig. Met kleurvolle kostuums en karnaval atmosfeer het elke klas gewys waarom húlle verdien om te wen. Vanjaar het die lourierkrans na die graad 8E-klas gegaan wat met hulle unieke Chinese danspassies die ander klasse in die stof gelaat het. "Dit was ongelooflik om te sien hoeveel harde werk elke klas in hulle dans ingeploeg het," het Janco Niemann (seremoniemeester) opgemerk.



Verjaarsdag onder sambrele



Matriekdogters op pad na hulle laaste verjaarsdagbal. **Foto: Zetske Posthumus**

IRENE MARAIS

Die jolige leerders van die Hoërskool Sentraal het die skool se 112e verjaarsdag met 'n bal gevier.

Vanjaar se tema vir dié spesiale bal was *Dancing in the Rain*. Die naghemel is versier met honderde kleurvolle sambrele wat op 'n jolige wyse dié tema uitgebeeld het.

Leerders moes vooraf hulle eie sambrele inhandig. Dit is vervolgens as dekor gebruik en elke paartjie het twee fotokaartjies as beloning ontvang.

Vir baie metgeselle, wat nie leerders aan die Hoërskool Sentraal is nie, was die aand van 26 Augustus 'n spoggeleentheid. Michelle Jonck, 'n gasmetgesel, het gesê: "Die gasvryheid van die Tralies het my besonder welkom laat voel. Die musiek het jou voete laat jeuk en die joligheid was aansteeklik."

Die professionele foto's wat by die bal geneem is, span die kroon. Balgangers sal sodoende oor baie jare van nou steeds met 'n glimlag op hul gesig dié jolige aand kan onthou.

Hoofleiers is goed gerat vir 2018

MICHÉ NEL & IRENE MARAIS

Die nuwe hoofleiers van die Hoërskool Sentraal vir 2018 is aangekondig en die Tralies is beslis in ekstase oor die nuut-verkose leiers.

Mardo Botha en Leila Champion is as die nuwe hoofseun en -meisie vir die skool asook die koshuis aangewys.

Beide Mardo en Leila het van jongs af leierskapspotensiaal getoon. Hulle was albei onderskeidelik die hoofseun en -meisie in hulle plattelandse dorpies. Mardo se wortels is in sy tuiste, Philippolis, geanker waar Leila weer haar merk in Schweizer-Reneke gemaak het.

Albei dié leerders se ouers het 'n integrale rol in die vorming van hulle sterk, fundamentele waardes gespeel. Mardo getuig: "My pa het definitief 'n reuse impak in my lewe gehad. Hy het my geleer dat jy met alles wat jy aanpak net jou beste moet gee." Leila se ma het ook vir haar geleer wat werklik saak maak in die lewe.

"Dit is 'n groot eer om die hoofmeisie van die skool en die koshuis te wees. Ek is baie opgewonde oor die jaar wat voorlê. Ek hoop om Sentraal na nuwe hoogtes te lei en al die leerders, ongeag stad of koshuis, te verenig," getuig Leila.

"Ek wil elke leerderraadslid van 2018 sterkte toewens. Aan elke Tralie beloof ek om my beste te gee en van elke projek in 2018 'n sukses te maak," het Mardo gesê.

Kry so 'n 'date'

Viljee van den Berg en Janine de Beer:

Viljee het 'n sprokiesverhaal uitgebeeld om Janine te vra. Hy het met Janine se sussie, Ané Weideman, onderhandel om foto's van haar kinderjare bymekaar te maak. Dit het 'n tydlyn gevorm, van graad 1 tot matriek. Hy het daarna vir haar hulle sprokiesverhaal in 'n antieke boek neergeskryf en 'n foto, wat by daardie inskrywing pas, geplaas. Aan die einde van die boek het hy vir haar gevra om sy meegesel te wees. Hy het hierdie boek saam met ander items, o.a. 'n towerstaffie en 'n foto van hulle as paartjie, by die uitnodiging in 'n groot boks geplaas. Janine het natuurlik dadelik ja gesê!

Christiaan van Niekerk en Welana van den Merwe:

Christiaan se uitnodiging het so in Welana se kraal gepas. Hy het met Johke Smit gereël dat die eerste hokkiespan by Eie Haard se hokkieveld moet oefen. Hier het Christiaan haar ingewag en die uitdaging gestel: sy moet vanaf die middellyn 'n doel aanteken. Indien sy die doel aanteken sou hy haar nie meer pla nie. Indien sy misluk, moet sy hom vergesel. Sy het die doel gemis. Christiaan het daarna vir haar gesê dat indien hy met die doel slaag moet sy hom vergesel. Hy het die bal opgetel en dit in die doelboks gegooi! Hy het nooit vir haar gesê hoe sy die doel moet aanteken nie. Welana het natuurlik ingestem, aangesien sy vriendelik verplig was om hom te vergesel!

Woordsoek ...

A	T	M	O	O	H	A	S	K	O	A
S	R	R	N	O	E	W	E	G	V	A
D	T	Y	A	M	B	E	R	Y	T	I
B	K	F	B	L	E	R	T	U	I	D
L	J	U	O	O	I	K	G	P	L	E
O	O	K	Q	K	E	E	F	B	S	M
U	K	P	F	O	D	N	S	L	R	E
E	B	O	D	M	I	W	N	A	W	I
N	V	U	S	O	N	E	I	A	Q	L
W	C	N	Z	T	L	N	Y	R	N	A
I	X	L	A	I	R	A	V	T	Z	R
T	P	K	Y	E	T	I	S	N	F	T
N	L	E	T	F	E	K	A	E	K	S
A	E	N	O	C	L	N	X	S	S	P
R	I	H	A	R	O	E	A	U	L	K
T	E	G	V	B	G	A	U	T	L	J
I	H	D	S	R	C	N	B	R	J	Y
B	A	N	C	F	M	A	E	E	I	V
C	A	O	V	E	A	B	I	O	K	B
D	R	L	O	E	A	N	U	Z	R	N
A	D	Z	G	U	T	R	S	E	E	G
A	D	P	W	C	D	F	J	L	U	P

1. Tralies
2. Oom Lokomotief
3. Varia
4. Blokke
5. Blou en wit
6. Dansbonanza
7. Gees
8. Tralie Media
9. Werk en wen
10. Groen groep
11. VCSV
12. Sentraal
13. Zoemnuus
14. Eie Haard


Skandeer die *QR*-kode vir al die antwoorde!

tralievaria.tk

Skandeer dié *QR*-kode vir al die antwoorde, asook om na die video's te kyk.







Hoe om te skandeer:

Om die *QR*-kode in die regterhoek hierbo te skandeer, laai 'n skandeer-*app* van jou *app*-stoor af.
Op *Android* kan jy *Google Goggles* gebruik (wat baie ander dinge ook kan skandeer) en op *iOS* word *Quick Scan* of *RL Classic* aanbeveel.
Op die webtuiste kan julle ook na interessante video's kyk!

Fietsry is 'n sport om dop te hou

Traliefietsryers behaal mylpale tussen die stof en die sand

FRANCO SMIT

Die Hoërskool Sentraal neem op 9 September aan die Spurliga se laaste byeenkoms deel. Dit is 'n fietsry kompetisie wat bestaan uit vier provinsiale byeenkomste.

Sentraal het as een van die top drie skole in die Vrystaat met 'n 3e-plek in die Vrystaat finaal gekwalifiseer en sodoende hulle plek na Magaliesburg bespreek. Al Sentraal se fietsryers, wat deelgeneem het aan die liga byeenkomste, het bygedra om te kwalifiseer.

Die span bestaan uit: Chanté Olivier (graad 8), Hercules Nel, Marco Reitz, Stian Schoeman (graad 10), Etienne Burger en Johann Coetzee (graad 11).

"Ek is ongelooflik trots op ons span. Dit was vir ons 'n baie groot voorreg om die Hoërskool Sentraal teen die res van Suid-Afrika te kon verteenwoordig het," het Nel (kaptein) gesê.

Chanté Olivier het háár plek in die finale rondte verseker deur 'n 1e-plek in die Vrystaat in die subjunior afdeling in te palm.

"Ons span se uitslae het gewys dat enige iets met harde werk moontlik is. Ek is vasberade om nóg beter te presteer in Magaliesburg en die goud huis toe te bring," het 'n ambisieuse Olivier aan die Tralie Varia gesê.

So gesê, so gedaan. Olivier het met die lourierkrans in Magaliesburg weggery om haar as Suid-Afrika se kampioen in die subjunior afdeling aan te wys.

"Dit was nie maklik nie, maar met die nodige toewyding kon ek my droom laat realiseer," het Olivier gesê. Die Hoërskool Sentraal het algeheel 28e in die land geëindig.

"Elke fietsryer het vanjaar hulle kant gebring en as 'n span saamgewerk en saam hard geoefen om ons doelwitte te bereik," het me. Reanda van Pletzen (aktiwiteitshoof) gesê.



Chanté Olivier trap haar fiets dat die stof staan. **Foto: Verskaf**

Kranige hokkiespelers blink uit in provinsiale kleure

ELRIE MEYER

Die Hoërskool Sentraal se hokkiespelers het vanjaar nie net in bloktruie uitgeblink nie, maar ook op provinsiale vlak. 14 Tralies is ingesluit in die onderskeie Suid-Vrystaat spanne.

Loraine Botha is in die o.21-Vrystaatspan ingesluit. Dié span het 3-9 September in Potchefstroom aan die o.21 *IPT*-toernooi deelgeneem en 4e geëindig.

Twee leerders, Mischa van den Berg en Du Preez Grové, het hulle onderskeie Suid-Vrystaat spanne gelei. Van den Berg het die o.16 C-span verteenwoordig en Du Preez die o.16 B-span. "As kaptein, het ek die verantwoordelikhede op die veld as 'n uitdaging, maar ook 'n avontuur gesien," sê van den Berg.

Lize Jacobs (kaptein) en Nicola van Zyl (onderkaptein) van Sentraal se 1e-hokkiespan is ook onderskeidelik in die o.18 C- en die o.18 B-span ingesluit. Xenda-Lee van Schalkwyk is in die o.14 A-span ingesluit.

Sentraal se 1e-hokkiespan het ook vanjaar uitgeblink deur 5e in die Bloemfontein skole se A-liga te eindig. Hulle prestasies sluit onder meer oorwinnings oor die *Colts* - Eunice se 2e-span - in. Hulle het twee keer teen laasgenoemde gedugte span te staan gekom en albei kere as wenners uit die stryd getree.

Sentraal het die laaste ontmoeting 3-2 gewen. Gedurende hierdie uitspeelwedstryd het Jacobs die wendoel aangeteken deur die enigste speler te wees wat 'n doel tydens die *penalty shootout* kon aanteken. "Ek was angstig, maar ek het geweet ek kan dit doen omdat my span in my glo. Ek is ongelooflik dankbaar om deel te kon wees van so 'n ondersteunende groep meisies."

"Sentraal se hokkie het vanjaar nuwe mylpale behaal. Ek is dankbaar en trots op elke speler," sê me. Lindie Potgieter (aktiwiteitshoof).

Tralietokse trap diep spore

ALISE PRETORIUS

Na baie maande se harde werk, naelbyt oomblikke, bloed, sweet en selfs 'n bietjie trane, spog die Hoërskool Sentraal met sy o.16A- en o.19C- rugbyspanne wat vanjaar as oorwinnaars van hul onderskeie ligas na vore getree het.

Die o.16-span het reeds twee jaar gelede koning gekraai en hul liga gewen. Verlede jaar moes hul die beker deel. Vanjaar het hulle egter met mening teruggekom en klipharde rugby gespeel. Hul wen vir JF in 'n senutergende eindstryd met 'n telling van 14-13.

"Dit was lekker om ons doelwit vir die seisoen te kon bereik. Ons het as 'n eenheid gespeel en ek is dankbaar dat ek deel kon wees van so 'n ongelooflike groep *boys*," sê Janko Kachelhoffer, die onderkaptein.

Die o.19C-span, of beter bekend as "die mambas", bring vanjaar die beker huis toe. Hulle klop vir Fichardtpark in die finaal met 'n telling van 24 teenoor 12.

"Dit was vir my 'n baie emosionele oomblik om 'n laaste keer vir my skool en my span te kon uitdraf en daarom is ek baie bly dat ons die liga kon wen," sê Hennie de Waal, onderkaptein van die span.

Sentraal spog ook vanjaar met 11 spelers wat onderskeidelik in die Vrystaat Akademie- Vrystaat Arende-, Vrystaat Arende XV-, *Grant Khomo* o.16 A- en o.16 B-span ingesluit is.



Keeno Orlein (o.16-skrumskakel) in aksie teen JF. **Foto: Cara le Roux**

PROFIEL

Moné behaal 2e-plek in Egipte

KYLA LESSING

Aan watter skermbyeenkoms het jy deelgeneem?

Ek het aan 'n interklubkompetisie saam met die Egiptiese nasio-nale federasiespan deelgeneem. Skermers uit verskillende skermklubs van Kaïro het aan hierdie kompetisie deelgeneem.

Hoe het jy in die kompetisie gevaar?

Die kompetisie was vir beide seuns en dogters. By die bekendmaking van die top 16 was ek die enigste vroulike skermer oor. Ek het algeheel 2e in die kompetisie geëindig.

Hoe het dit gevoel om 'n 2e-plek te behaal?

Om eerlik te wees was ek baie verbaas. Ek het nooit gedink ek sal so goed presteer nie. Ek het baie van die Egiptiese skermers geleer.

Hoe lank beoefen jy al skerm?

Ek het op die ouderdom van agt met die sport begin.

Hoe gereeld oefen jy?

Ek oefen gewoonlik drie keer per week. As daar 'n kompetisie om die draai is, sal ek meer gereeld en baie harder oefen.

Wat maak skerm so spesiaal?

Die uitdaging. Skerm verg nie net fisiese uithouvermoë nie, maar jy moet vinnig kan reageer en konsentrasie behou. Dit is natuurlik ook lekker om te weet hoe om jou met 'n swaard te verdedig, indien jy dit ooit sou benodig.



Moné in aksie. **Foto: Verskaf**

Wat is jou gunsteling sport buiten skerm en hoekom?

Netbal is definitief my gunsteling sport naas skerm. Dit gee my die geleentheid om in spanverband deel te neem en meer sosiaal te verkeer.

De Jager het vanaf 3-14 Oktober in Egipte aan hulle nasionale kampioenskap gaan deelneem. In die o.17-afdeling behaal sy 'n 2e-plek uit 'n 102 deelnemers.

"Dit was 'n baie strawwer kompetisie as die vorige kompetisie aangesien ek teen die bestes in hulle land deelgeneem het. Die Egiptenare is skerm mal en dit was 'n belewenis om in dié land te kon deelneem," sê sy.

Leerders speel hulle pad oop na die SA-kampioenskap

Netbal gaan van glorie tot glorie

Tralies pronk tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskap

LISA-MARI DE KLERK

Die potspel Vrystaatproewe het vroeër vanjaar by Tempe plaasgevind. Tydens die proewe moes die potspelspelers elk 40 wedstryde speel om hulle plek in die onderskeie Vrystaatspanne te verseker.

Thean Maddox (o.15) en Nicholis Booysen (o.14) het albei die Vrystaat o.18 B-span gehaal. Hoe lui die spreekwoord? Dinamiet kom in klein - in hierdie geval jong - pakkies! Tiaan Diedericks (o.16) haal die Vrystaat o.18 C-span en Dillan Fourie (o.14) haal die Vrystaat o.14 A-span.

Tydens vanjaar se liga kraai die Hoërskool Sentraal se A-span koning en stap hulle as die wenners van hierdie liga weg. Hoërskool Sentraal se B-, C- en D-spanne eindig onderskeidelik 3e, 5e en 8e. Met hierdie prestasies het Sentraal dus 4 spanne onder die top 10 uit 17 deelnemende ligaspanne.

Individueel het die Tralies gedurende hierdie liga ook nuwe hoogtes bereik. Na afloop van hierdie liga behaal JC Yssel (o.19) die 1e- plek. Nicholis Booysen (o.14) en Duncan Moffat (o.15) beklee onderskeidelik die 2e- en 3e- posisie. Jaun-Marie Vermeulen (o.19) behaal 'n 1e- plek in die afdeling vir dogters.

"My dryfkrag om te presteer is die volgende: Ek wil nie net 'n gemiddelde speler wees nie. Ek wil uitblink in dit wat ek doen en daarom het ek aan al die ligas deelgeneem," het Yssel gesê.

Die Suid-Afrikaanse potspel-kampioenskap het vanaf 30 September tot 3 Oktober in Secunda plaasgevind.

Na afloop van hierdie kampioenskap beklee die Vrystaat o.18-span die 1e-plek. Fourie behaal die puik prestasie om 'n 3e-plek in die o.14-afdeling te behaal.

"Ons is baie trots, want Sentraal is nou amptelik die nommer een potspelskool in Suid-Afrika," sê me. Poedels du Plessis (aktiwiteitshoof).



Zelda Jordaan rank hoog om nóg 'n doel aan te teken. **Foto: Verskaf**

MICHÉ NEL

Die Tralies het vanjaar skoonskip in die netbalwêreld gemaak. Gedurende die Vrystaat netbalkampioenskap, te Kroonstad, het die leerders puik presteer. Beide die o.16- en o.19-netbalspanne is as die Vrystaat kampioene gekroon. Vanjaar is dit die 11e agtereenvolgende jaar wat die Tralies die titel in die o.19-afdeling verower. Die o.14- en o.17-spanne is beide as naaswenners in die Vrystaat aangewys.

Die vier bogenoemde spanne het na die Suid-Afrikaanse skolekampioenskap, te Boksburg, deurgedring. Dié toernooi het vanaf 3 tot 6 Augustus plaasgevind. "Dit was 'n onvergeetlike ervaring om teen die top netbalskole in Suid-Afrika mee te ding," getuig Elrike Oberholzer, lid van die eerste netbalspan. Die o.17-span het na 'n naweek van strawwe kompetisie 15e geëindig en die o.16-span het 'n 13e-plek beklee.

Die o.14-span het 1e in hulle poel geëindig. Die span het daarna deurgedring na die uitspeelrondtes vir die top 8 netbalspanne in die land. Tydens die uitspeelrondtes het die Tralies in 'n kop-aan-kop-wedstryd teen Dinamika met 'n eindtelling van 15-16 verloor. Dit was beslis 'n naelbyt wedstryd – die wedstryd het in ekstra tyd oorgegaan. Die o.14-span het 'n 6e-plek in Suid-Afrika verower. Dié Tralies het verseker die Hoërskool Sentraal se naam gestand gedoen.

Die o.19-netbalspan het 3e in hulle poel geëindig. 'n Hoogtepunt vir dié span was die wedstryd teen Diamantveld wat hulle met 'n eindtelling van 30-20 gewen het. Die 1e-span het teen beide HTS Middelburg asook Rustenburg net-net verloor. Die Tralies eindig gevolglik 12e in die toernooi.

Zelda Jordaan, lid van die eerste netbalspan, getuig: "Dit was 'n groot voorreg om die jaar deel van Tralienetbal te wees. Ons is baie trots op ons prestasies en dankbaar vir die geleenthede wat ons gebied is."

Uitstekende uitslae in Bisley gelewer

ELRIE MEYER

Die Hoërskool Sentraal se skuts het tydens die Nasionale *Bisley* luggeweerkampioenskap in Newcastle uitgeblink. Verskeie Tralies is ingesluit in die Vrystaatspan wat op nasionale vlak deelgeneem het.

Reuben Duvenhage en Wentzel Ketterer, wat die o.14 A-span verteenwoordig het, het elk 'n goue medalje ontvang as lede van dié span. In die o.21 A-span het Tiaan de Wet en Pieter Luttig stof in die ander skuts se oë geskiet toe hulle span as oorwinnaars weggestap het. Hierdie span sowel as die o.16 A-span, waarvan twee Tralies - Nicolaas Janse van Rensburg en Adriaan Badenhorst - deel was, is aangewys as die beste sportklas provinsie.

De Wet het uitstekend gevaar deur ingesluit te word in die posligaspan wat teen Amerika deelneem.

"Dit was 'n ongelooflike voorreg om in hierdie merkwaardige span ingesluit te kon wees. Ek glo dat elke kampioenskap sy struikelblokke het, maar dat ons steeds uitstekend gevaar het," sê De Wet opgewonde.

Luttig is in die SANSSU-span (SA-skole span) ingesluit. Hierna neem hy ook as lid van die *SAARA*-span deel en presteer as volg: 'n 1e-plek in die 10m (549/600 punte) en in die drie posisies (559/600 punte).

"Ek was super opgewonde om as matriekleerder steeds die geleentheid te hê om, nie net Sentraal nie, maar ook my provinsie te verteenwoordig," sê Luttig.

Ruiter se harde werk beloon

ELRIE MEYER

Jaun-Marie Vermeulen ('n kranige perderuiter) en haar geliefde perd *Sugar babe* het vanjaar verskeie toekennings ingepalm.

Sy het met haar vier 1e-plekke en 'n 2e-plek haar plek in die Vrystaatspan verseker.

Tydens die nasionale kampioenskap, wat vanaf 3 tot 7 Oktober te *Kyalami Equestrian* park in Johannesburg plaasgevind het, het sy uitgeblink.

Vermeulen het in al die klasse waaraan sy deelgeneem het, onder die top 10 ruiters geëindig.

Sy en haar perd *Sugar babe* het in die *Working Riding*-klas 'n 4e-plek verower terwyl sy in die *Equitation*-klas 'n 7e-plek ingepalm het. In albei die *showjumping*-klasse het sy 'n algehele 7e-plek ontvang.

In die *showjumping first*-klas, waar sy saam met ander ruiters as 'n span deelgeneem het, het hulle uitgeblink deur 15e uit 50 spanne te eindig.

" Ek glo dat my en *Sugar babe* se harde werk beloon is en ek is só trots op alles wat ons al bereik het," sê Vermeulen.



Vermeulen in aksie op haar perd Sugar babe. **Foto: Verskaf**

Meryke verwerf Vrystaatkleure vir rugby

KYLA LESSING

Meryke van Zyl, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het haar staal as nuweling op die rugbyveld gewys. Sy vertel: "Dit is 'n besondere voorreg om my provinsie te kan verteenwoordig."

Sy het vroeër vanjaar saam met die senior vroue van die Bloemfonein *Defence Rugby Force* begin speel. Die Vrystaat rugby unie het hierdie nuwe talent dopgehou. Sy het saam met die o.18 meisies begin oefen. Binne twee maande het sy vir die Vrystaatspan begin speel. Volgens Van Zyl, is "vroue" rugby nie veel anders as "mans" rugby nie.

Van Zyl hoop om eendag haar Springbokkleure te verwerf en haar land te verteenwoordig. Sy poog om eendag 'n professionele speler te word. Van Zyl vertel: "Rugby maak 'n groot deel van my lewe uit. Ons span is soos 'n familie."

Tralie Varia Sport 2017

sportkalender

2-3 OKTOBER	Netbal: *Fast 5* SA's	VANDERBIJLPARK
14 OKTOBER	Atletiek:	
	Grey/Oranje uitnodigingsbyeenkoms	BLOEMFONTEIN
21 OKTOBER	Jim Fouché uitnodigingsbyeenkoms	BLOEMFONTEIN
23 OKTOBER	Krieket: Eerstespan teen Jim Fouché	BLOEMFONTEIN
31 OKTOBER	Bofbaldag: graad 8's teen graad 9's	BLOEMFONTEIN



uit my oogpunt...

Die jaar staan einde se kant toe en steeds laat die Tralies hul op die sportveld geld. As ek terug dink aan die afgelope jaar se sportbedrywighede was dit vir seker 'n suksesvolle jaar.

Sentraal se 1e- netbalspan is vir die 11e agtereenvolgende jaar die Vrystaatbeker wenners. Hulle verower ook 'n silwermedalje op die nasionale *FAST 5*-netbaltoernooi. Op die rugbyveld wen die o.16 A- en o.19 C-span hul onderskeie ligas. Die fietsryspan presteer ook goed op nasionale vlak waar Chante Olivier die nasionale kampioen in haar ouderdomsgroep is.

Dankie aan elke Tralie vir julle positiewe gesindheid en goeie sportmanskap op die sportveld.

Koue keer nie dié Tralies nie

Olivier en Leask is glad nie bang vir die ysige weer by die Tiffindell-ski oord nie

ALISE PRETORIUS

Benjamin Olivier en Cara Leask, beide graad 10-leerders aan die Hoërskool Sentraal, het altwee 'n groot liefde vir ski. Hulle liefde vir hierdie sportsoort het in hulle laerskooljare begin.

Olivier en Leask oefen gereeld saam by die Tiffindell ski-oord in die Oos-Kaap. Olivier het op die ouderdom van ses jaar begin ski en ski dus al ongeveer 10 jaar. Leask het op die ouderdom van 12 jaar begin ski en ski ongeveer vyf jaar.

Olivier en Leask het onlangs aan 'n nasionale ski kompetisie in Tiffindell deelgeneem.

Die kompetisie het plaasgevind vanaf 28 Julie tot 6 Augustus. Olivier behaal 'n 1e-plek in die nasionale junior kampioenskap o.18. Hy behaal ook 'n algehele 2e- en 3e-plek in Suid-Afrika.

Leask behaal 'n plek onder die top 3 van Suid-Afrika in die *FIS*-kompetisie.

Waarom verkies julle om aan hierdie sportsoort deel te neem ?

"Aan die begin het ek die sportsoort as 'n buitemuurse aktiwiteit by my laerskool (Barkly-Oos) begin beoefen. Soos ek verbeter het, het my entoesiasme toegeneem. Ek het ski gekies omdat dit 'n ongewone en onbekende sportsoort vir die meeste Suid-Afrikaners is," sê Olivier.

Leask voeg by: "Ek was in Rhodes in die skool en bly baie na aan Tiffindell. Gevolglik het ek baie blootstelling aan die sportsoort gehad. Aangesien Rhodes 'n baie klein dorpie is, was dit die enigste sportsoort wat ons daar kon beoefen het omdat ons so min kinders in die skool was. Ons het dus gereeld gaan ski en daar het die skigogga my behoorlik gebyt," sê sy.

Die sportsoort is vir eers op ys gesit en daar is plek gemaak vir die boeke tot die volgende seisoen.



Benjamin Olivier laat die jaar weer tydens ysige weer die sneeu spat. **Foto: Verskaf**

NTT
Nissan Bloemfontein
087 286 4500
WHERE CUSTOMERS BECOME FRIENDS
87 OR Tambo Road
Bloemfontein CBD
9300
www.nttnissan.co.za